Oktober 2024

THE BUZZ OF SPRING

-

'n Maand van vele aktiwiteite vir Dias

With our AGM this year we also awarded prizes in recognition of our members for their shooting and other activities.

Buiten vir Dias-tak se hoogste interne toekenning, die Orde van die Byl, wat vanjaar aan Cobus van Deventer toegeken is; het die bestuur besluit om 12 trofeë toe te ken vir die eerste drie plekke in vier kategorieë, nl: jaggeweer vir mans en vroue; en handwapen vir mans en vroue.

Wenners

Jaggeweer (mans)

Eerste: Trompie van Deventer (88,89%)

Tweede: David Wentzel (71,11%)

Derde: Nico Koortzen (68,89%)

Jaggeweer (vroue)

Eerste: Jessica Wentzel (57,78%)

Tweede: Estelle van Deventer (46,67%)

Derde: Corné Smit (40,74%)

Handwapen (vroue)

Eerste: Estelle van Deventer (79%)

Tweede: Corné Smit (69,5%)

Geen derde prys is toegeken nie weens die 40% afsnypunt

Handwapen (mans)

Eerste: Andries Vorster (81,5%)

Tweede: Gert Labuschagne (81%)

Derde: James Connan (79%)

**Awards**

Dias Branch awarded 57 shooting badges according to the SA Hunters' Standard Shooting exercises (badge and certificate) to 22 members since the branch was established. These comprised 28 Bronze, 18 Silver and 11 Gold awards.







## SPESIALE PRYSE

Twee junior skuts het erkenning ontvang nadat hulle hul eerste bokke geskiet het.
Gwen Theron ontvang 'n spesiale handwapen waarmee sy enige plek kan oefen.
Jessica Wentzel het in 2023/24 as ŉ nie-bestuurslid die meeste aktiwiteite bygewoon.

---

## *James Connan Outreach to Kingswood College*

Die kursus vir toegewyde jagterstatus is in Junie vanjaar vir die eerste keer aangebied. ŉ Klein groepie van agt Graad 11-leerders is gekies om die opleiding te ondergaan. Graad 12-leerders was te besig met voorbereiding vir die matriekeksamen. Graad 10-leerders is ook oorweeg maar daar was meer as genoeg belangstelling onder die graad 11-leerders. Die klein groepie maak die bestuur en beheer van die kursus makliker, veral op die skietbaan.

Die kursusmateriaal is saamgestel uit die SA Jagters se Junior Opleidingsgids, die Toegewyde Jagtersgids en aanvullende studiemateriaal gebaseer op persoonlike ervaring, en 'n paar onderwerpe oor die vuurwapenwet wat tipies in bevoegdheidskursusse ingesluit word. Elke leerder ontvang ŉ Junior Opleidingsgids, met aanvullende toepaslike inligting uit bogenoemde bronne wat geskiks is vir Graad 11-leerders wat waarskynlik tussen die vlakke van juniors en toegewyde jagters val.

Die kursus is as volg gestruktureer:

● Die eerste twee uur kontak sessie op 5 Junie het die volgende drie onderwerpe behels:

○ Bekendstelling aan die vuurwapenwet en vuurwapeneienaarskap

○ Wapenveiligheid
○ Die eerste 27 bladsye van die Junior Opleidingsgids

● Bladsy 28 to 60 was na die kontaksessie as selfstudie voorgeskryf met 'n toets by die volgende sessie.
● Op 10 Julie het ons op die skietbaan bymekaar gekom. Soos belowe was daar eers 'n toets voordat basiese vuurwapenhantering en vuurwapenveiligheid gedek was. Die leerders het elk 'n geleentheid gekry om met .22 jag- en skyfskietgewere te skiet.
● Teorie op 11 September oor bladsy 62 to 93 in die gids wat handel oor skootplasing en die verskillende tipes gewere en ammunisie.
● Ons beplan om voor die graad 11-leerders se eksamens begin nog ten minste een of twee skietbaansessies in te pas en hulle bloot te stel aan jaggewere, haelgewere en handwapens.
● Die leerders sal die eksamen vir toegewyde jagterstatus by Dias-tak kryf en die skiettoets by die Stroop-skietbaan voltooi.

Die eerste groep wat die opleiding vir toegewyde jagterstatus aflê bied 'n sterk grondslag vir toekomstige aanbiedings en bevorder verantwoordelike jag, bewaring en veiligheid in die natuur. Daar is reeds baie navraag om die kursus volgende jaar te herhaal en uit te brei na leerders van ander skole.

Voorberei deur James Connan
Fotos deur Hannes Pienaar







## VORIGE STROOPSKIET (September '24)











On any given Saturday somewhere in the beloved country one will find the opportunity for some aroma therapy!